Maart 2018

Verandering is ’n wonderlike ding. Dit is ook ’n vreesaanjaende ding. Sommige verandering gebeur vinnig, oornag en slaan ons tussen die oë. Ander verandering gebeur so stelselmatig dat mens dit glad nie agterkom nie en dan een oggend wakker word met die ontdekking dat alles anders is. Sommige verandering is ten goede en ander is minder goed. Sommige verandering verwerk ons vinnig en ander neem ’n leeftyd en dan is ons steeds nie daarmee klaar nie.

Die slim sielkundiges sal vir jou sê dat ons ’n fout maak as ons sê dat meeste mense nie van verandering hou nie. Min van ons sal byvoorbeeld teen die verandering baklei as ons ’n klomp geld wen en ons bankrekening skielik heelwat *anders* lyk. Die probleem wat ons egter het, is wanneer hierdie verandering met verlies gepaard gaan: Wanneer jy trek en die verlies beleef van die bekende omgewing, huis en vriende. Wanneer jou kinders grootword en uit die huis uittrek. Wanneer ons iemand na aan ons aan die dood afstaan. Wanneer ons met ’n nuwe werk begin. Wanneer ons gesin uitbrei. Die ding van verandering is dat selfs wanneer dit ten goede is, is dit dikwels so dat ons iets inruil vir wat goed is, verloor. Daarom werk ons, ook in die kerk, so versigtig met verandering. Ook met verandering wat ons weet ten goede is. En met versigtig bedoel ons: Ons maak geen groot veranderinge sonder om doodseker te wees dat dit die skuiwe is wat die Here nou wil hê ons moet maak nie.

So het die jaar afgeskop met ’n een van die grootste “kosmetiese” veranderinge wat ’n gemeente kan aanbring: Ons het ons erediensteye verander. Die samesmelting van die twee aanddienste is ’n droom waaroor eers die leraars en toe die hele kerkraad vir ’n geruime tyd lank oor gebid het. Ons wou seker maak dat die onafwendbare verlies wat saam met so ’n verandering gepaardgaan die moeite werd is vir wat ons inruil gaan ontvang. En wat ons ontvang het, het alle verwagtinge oortref. Ons is baie bewus van die feit dat ons klein kerkgebou ons forseer om verskillende eredienste te hou en dat verskillende generasies nooit die geleentheid het om saam te aanbid nie. By die twee aanddienste was dit ook die geval, maar dit was onnodig. Ons was ook bewus daarvan dat ons ons tyd, energie en gawes baie beter sou kon aanwend deur op een erediens te fokus eerder as die twee. Die gevolg is dat van die begin van hierdie jaar verskeie generasies die voorreg het om saam die Here te aanbid. En weereens staan ons in verwondering oor hoe die Here ons op die regte tyd gelei het om hierdie verandering te maak.

Aan die einde van verlede jaar het ons ook ’n ander groot verandering ondergaan wat veral op die 10:00 diens van toepassing is. Danelle, ons orrelis van die afgelope 24 jaar het (soortvan) afgetree na 55 jaar in die beroep. Ons het vir Arno Levin verwelkom as ons nuwe orrelis. Danelle is steeds die aflos orrelis en help ons op Donderdae met die kies van liedere. Arno wat in die week ’n *rekenaar-tegnikus,* is speel egter nou meestal op Sondae en vir troues.

Bataviastraat 3, Bloubergstrand 7441 - Posbus 17, Bloubergstrand 7436 - Tel: 021 554 1290 - Faks: 086 591 5147
E-pos: ngkblouberg@mweb.co.za - www.ngkbloubergstrand.co.za

Ds Marthinus Britz: Tel: 021 554 3266 / 082 603 5508 / thinus@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Elmarie Dercksen: Tel: 021 554 1277 / 083 276 4944 / elmarie@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Marietjie Steyn: Tel: 021 554 2045 / 083 461 1220 / marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

’n Ander verandering wat ’n bietjie meer stelselmatig gebeur het oor die afgelope paar jaar, is die manier hoe ons funksies lyk en deur die jaar versprei word. So het ons agtergekom dat Bloubergstranders besonders lief is vir musiek en daarom doen ons moeite hiermee. Kyk dus uit vir Melkbosstrand Privaat skool se Laerskool koor wat op 11 Maart in ons erediens kom optree, asook die Paassangdiens van 25 Maart. Op 20 Mei kom die Walliese Mannekoor van Edgemead ook in ons 10:00 erediens sing.

Vir die wat nie heeltemal so ernstig op koormusiek ingestel is nie het ons ook darem hierdie kwartaal ’n prettige pretstap gehad en die Jongwerkendes in die gemeente het saam gekuier. Die naweek van 3 en 4 Maart het ons die besonderse geleentheid om saam met Suzan Kirsten, die sendeling wat ons in Libanon ondersteun, ‘n spesiale gebedsnaweek te hou. Sien asseblief die Sondag-afkondigings vir meer inligting hieroor. Op 23-25 Maart het ons ons jaarlikse Junior Jeugkamp – altyd ’n hoogtepunt. 13-14 April kom Danie du Toit (wat ons ’n paar jaar gelede tydens Pinkster leer ken het) ’n “geestelike, feestelike” seminaar aanbied getiteld ‘Heildronk op die lewe’. Die seminaar is gebaseer op Filippense. Die 25e April is die jaarlikse Encore tee en tussen-in is julle altyd welkom vir ’n koppie tee of koffie na kerk.

Een ding wat darem nog nie verander het nie, is ons liefde vir Pinkster en ons opgewondenheid oor wat die Gees van die Here elke jaar doen. Hierdie jaar fokus ons op ’n kort reis deur Openbaring se belangrikste punte: Die sewe gemeentes, Jesus en God op die troon, Jesus as die Protagonis en die bose as Antagonis.

Verandering is nie altyd maklik nie, maar dis goed. Daarom is ons dankbaar vir die verandering waarin die Here ons begelei. Ons sal voortdurend aanhou om daarvoor te vra.

“Al wat van belang is, is geloof wat in liefde tot dade oorgaan.”
Gal 5:6b

Namens die kerkraad

Ds Thinus Ds Elmarie Ds Marietjie